

# ST. SIEGFRIED VAN SWEDE

15 FEBRUARIE

(sterf 1045)

Hy was 'n Benediktyne priester en sendeling wat bekend staan as die Apostel van Swede. Gebore in Northumbrië (Engeland) tree hy in by die Benediktyne klooster van Glastonbury. Later word hy biskop gewy en op versoek van koning Olaf I Tryggvason van Noorweë, 'n onlangse bekeerling tot die Christelike geloof, na Skandinawië gestuur. Hy werk in Noorweë, Denemarke en Swede. Hy slaag daarin om die Sweedse koning, Olaf Skotkonung, te doop en die res van die bevolking volg kort daarna.